Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 89, Jaargang 2 | 23 Oktober2026 | www.pretoriafm.co.za

[Hooffoto: www.meinsuedafrika.blog/]



WITKRUISPROJEK LEI TOT HEKSEJAG

Roets dalk parlement toe 03

Bekgeveg oor hoofstad se water 04

Spies oor "kleiner partye" 05

Pretoria se poskoets 19

Theron's Vleisprodukte bied gehalte proteïn produkte teen sakpas pryse aan kieskeurige klante.



Spaar op Vleisaankope met Theron's se gehalte kouevleise. Laag in vet en soutinhoud. Gehalte wat u kan vertrou.

Theron's bied **GEHALTE VEISPRODUKTE**, teen **GROOTHANDELPRYSE**, direk aan Jan Publiek. Volg ons op Facebook onder die blad opsie: "Theron's Meat Products." Hier vind jy jou inligting en pryse, **GAWE RESEPTE** en kuier ons 'n hond uit n bos uit! **Besoek ons by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes 0183. WHATSAPP +27760770437**

Heksejag op Oppenheimer en Ansara



Adv. Mark Oppenheimer



David Ansara

Seugnet van Zyl

Twee lede van die Universiteit van Kaapstad (UK) se raad word nou vervolg vir hulle betrokkenheid by die Witkruisprojek in Washington.

Adv. Mark Oppenheimer, president van die Suid-Afrikaanse Instituut van Rasseverhoudinge en uitvoerende direkteur van die Vryheid van Spraak Unie van Suid-Afrika, en David Ansara, uitvoerende hoof van die Vryemarkstigting, staar nou diskwalifikasie om op hierdie raad te dien en skorsing in die gesig.

Dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, 'n ideesentrum en voorspraakgroep, het Oppenheimer en Ansara genooi om as sprekers op te tree by 'n konferensie waar daar in September 3 000 wit kruise ter bewusmaking van plaasmoorde in Suid-Afrika in Washington opgerig is.

Roets beskryf die UK se optrede as 'n heksejag.

"Twee persone word geteiken, nie vir iets wat hulle by die UK gedoen het nie, maar vir die geselskap wat hulle hou en die menings wat hulle uitspreek. Dit is skuld deur assosiasie en die onderdrukking van vryheid van spraak, en dit behoort geen plek by 'n universiteit te hê nie. Die UK se redes is op leuens gegrond," sê Roets.

Die UK se raad het bevind dat Oppenheimer en Ansara sy gedragskode oortree het. In Oppenheimer se geval het die raad aanbeveel dat hy gediskwalifiseer word om as raadslid te dien, terwyl daar voorgestel is dat Ansara vir ses maande geskors moet word.

"Lex Libertas doen 'n beroep op dié raad om hierdie eise te verwerp en die vryheid van assosiasie en spraak te handhaaf waarop sy lede geregtig is."

Die UK het Dinsdag in 'n verklaring gesê dat sy raad klagtes wat hy sedert 15 Maart verlede jaar tot 18 Oktober vanjaar oor Oppenheimer en Ansara se gedrag ontvang het na twee afgetrede regters verwys het om onafhanklik te ondersoek, bevindings te maak oor of die gedragskode oortree is en om geskikte sanksies vir die oortredings aan te beveel. Albei regters het omvattende verslae oor hul bevindinge geskryf.

Klagtes teen Oppenheimer behels dat hy in Maart 2025 uitlatings op 'n podsending gemaak het wat glo die gedragskode vir raadslede oortree het en dat hy die Witkruisprojek se konferensie bygewoon het.

Ansara word daarvan aangekla dat hy sy steun vir Oppenheimer se uitlatings op sosiale media uitgespreek het en dat hy ook dié konferensie bygewoon het.

Ná die raad Sondag (18 Oktober) dié verslae aanvaar het, is 'n subkomitee van vyf lede aangestel om die verslae te oorweeg en te besluit oor gepaste optrede, indien enige, teen Oppenheimer en Ansara.

Elijah Moholola, woordvoerder van die UK, het gesê die universiteit sal enige nuus in die verband bekend maak soos gepas.

Oppenheimer sê hy sukkel om sin te maak van die UK se besluit.

Volgens hom probeer die universiteit al vir 'n geruime tyd om van hom ontslae te raak.

"Ek is nie bang nie en ek sal aanhou om uitgesproke te wees," sê Oppenheimer wat 'n stoere ondersteuner van menseregte en vryheid van spraak is.

Hy sê Roets en Lex Libertas doen belangrike werk.

"Dit is 'n belangrike kwessie wat hulle met die Witkruisprojek aanraak. Die projek fokus geensins net op wit Afrikaners wat in plaasmoorde en/of- aanvalle dood is nie, maar mense van alle rasse word erken."

Ansara sê hy glo dat die aanbeveling 'n buitensporige straf is en sy regte op vrye uitdrukking oortree.

"Die klagte het geen meriete nie. Ek is deur Roets as spreker na die Witkruisprojek se konferensie genooi en ek het in my hoedanigheid as uitvoerende hoof van die Vryemarkstigting gegaan. Ek het gepraat oor bedreigings vir privaateiendomsregte met spesifieke verwysing na die Onteieningswet en die sosialistiese beleidsoriëntasie van die Suid-Afrikaanse regering." **N**



Roets aanvaar parlement se uitdaging

Redaksie

Lex Libertas sê hulle is bereid om die bewerings wat deur die organisasie as deel van hulle Witkruisprojek in die VSA gemaak is voor die Parlement te stel en dit te verdedig. Dit volg nadat Supra Mahumapelo, voorsitter van die Parlement se Portefeuljekomitee oor Internasionale Betrekkinge en Samewerking, die afgelope week in 'n verklaring te velde getrek het teen Lex Libertas se uitvoerende direkteur, dr. Ernst Roets.

In die verklaring beskuldig Mahumapelo vir Roets daarvan dat hy 'n wit volksmoord en staatsondersteunde plaasmoorde verkondig. Hy sê verder dat Roets verkeerde inligting rakende eiendomsreg versprei en sou aanvoer dat swart ekonomiese bemagtiging lei tot rasgebaseerde diskriminasie. Mahumapelo sê verder dat indien Roets ernstig is oor gesprekvoering, die portefeuljekomitee se deur oopstaan.

Hierop sê Roets dat hulle graag die uitnodiging om voor die portefeuljekomitee te verskyn aanvaar.

"As die Parlement die bewyse wil hê, sal ons dit bring. Ons is bereid om vrae te beantwoord, ons gevolgtrekkings te verdedig en ons bewerings aan openbare ondersoek te onderwerp."

Lex Libertas het versoek dat die portefeuljekomitee 'n formele openbare sitting reël. Die organisasie het ook voorgestel dat ander kenners wat die Witkruisprojek-konferensie in Washington, DC toegespreek het, genooi word om deel te neem, sodat die kwessies aan die hand van bewyse en argumente eerder as politieke slagspreuke ondersoek kan word.

"Die belangrikste ontwikkeling is dat die Parlement nou gesê het dat hierdie sake openlik getoets moet word. Ons stem saam. Laat die bewerings duidelik gestel word, laat die bewyse ondersoek word en laat die beste argument seëvier," sê Roets.

Hy sê egter dat alhoewel die Parlement 'n gepaste forum vir hierdie gesprek is, dit nie die enigste legitieme forum is nie.

"Ons sal voortgaan om met instellings en beleidmakers binne Suid-Afrika én internasionaal te skakel." **N**



Supra Mahumapelo | dr. Ernst Roets





Klagtes by OB, MRK oor Pretoria se water

Redaksie

Terwyl die DA die afgelope week klagtes by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie teen die uitvoerende burgemeester van die Tshwane-metro, dr. Nasiphi Moya, ingedien het oor die uitbreek van gastro-intestinale siektes in die omgewing van Bronkhorstspruit, het die VF Plus klagtes by die Openbare Beskermer en die Groen Skerpioene ingedien.

Dit volg nadat Moya verantwoordelikheid aanvaar het vir nalatigheid nadat die Bronkhorstspruit-watersuiweringswerke byna drie weke lank onbehandelde water aan inwoners verskaf het. Volgens 'n verklaring wat deur die VF Plus uitgereik is, is water sonder chloor tussen 24 September en 14 Oktober 2026 gelewer. Dit het daartoe gelei dat 408 mense, waarvan die meeste kinders onder vier jaar is, met maag- en dermsiektes in die hospitaal beland het. Watertoetse het uiters hoë vlakke van E. coli getoon, asook patogene soos norovirus, kampilobakter en sjigella.

Die DA se burgemeesterskandidaat in die metro, Cilliers Brink, sê die burgemeester moet in skaamte bedank. Brink sê alhoewel Moya verantwoordelikheid aanvaar het, het sy die tekorte aan chloor wat vir die behandeling van die water benodig word van die inwoners versteek.

"Vir drie weke het die Stad water sonder chloor voorsien en versuim om inwoners te waarsku dat dit onveilig is. Dit het nou 'n openbare gesondheidskrisis geword, met meer as 400 gerapporteerde gevalle van ernstige siekte, waarvan die meeste kinders onder die ouderdom van vier behels."



Nasiphi Moya

Die VF Plus se burgemeesterskandidaat in die metro, Willie Spies, sê die burgemeester en haar burgemeesterskomiteelid vir nutsdienste, Molatelo Mashola, het nie net versuim om te verseker dat die water behoorlik met chloor behandel word nie, maar ook om inwoners betyds te waarsku dat die water onveilig was om te drink, daarmee kos te maak, of daarin te was of bad.

"Inwoners van Bronkhorstspruit, Zithobeni, Dark City, Rethabiseng en Sokhulumi verdien veilige water. Hulle verdien ook dat die verantwoordelikes rekenskap gee – nie net met woorde nie, maar deur formele ondersoeke en regstellende optrede."

Moya het die afgelope week die omgewing saam met haar span besoek en op sosiale media gesê dat die Tshwane-metro Rand Water aangewys het om die nodige tegniese vaardighede te voorsien om die Bronkhorstspruit Wateraanleg op te gradeer. Sy sê die nodige fondse in die begroting is beskikbaar en dat hulle reg is om met die werk weg te spring.

Sy het ook 'n steek na Brink ingekry en gesê dat hy die waterkrisis misbruik vir politieke voordeel en misleidende uitlatings oor cholera maak.

"In 'n tyd waarin inwoners verstaanbaar bekommerd is oor hul gesondheid en veiligheid, het mnr. Brink gekies om vrese oor nog 'n cholera-uitbreking aan te vuur, sonder om die wetenskaplike bevindinge wat tot dusver beskikbaar is, behoorlik te verduidelik. Laat ek heeltemal duidelik wees: Cholera is nie geïdentifiseer as die oorsaak van die uitbraak van gastro-intestinale siekte in Bronkhorstspruit nie." **N**



Willie Spies:
Alle partye is kleiner partye

James Kemp

Sewentien jaar nadat hy die politiek vaarwel geroep het, pryk Willie Spies se gesig op verkiesingsplakkate in Pretoria. En dit nogal as burgemeesterskandidaat van die VF Plus – dieselfde party wat hy destyds verlaat het.

In 1855 in Lynnwood vertel hy dat dié restaurant, wie se naam verwys na die jaartal waarin Pretoria gestig is, vir hom kosbaar is.

“Pretoria as plek, Pretoria as naam is vir my kosbaar. Dit sê geweldig baie. Pretoria is nie net die hoofstad van die land nie, dit is ook die Afrikaner se hoofstad.”

Spies het self teen die naamsverandering van die stad gelitigeer en in 2007 ’n interdik in die Hooggeregshof verkry wat die Tshwane-metro verbied het om naamborde in die stad te vervang.

“Dit is ’n bewys van wat jy kan regkry as jy jou penne inslaan en sê ‘hier staan ons en ons gaan nie uitgevee word nie.’ Daardie boodskap moet ons ook deel van die politieke diskoers maak.

Spies sê sy terugkeer na die politiek, en spesifiek die VF Plus, was vir hom ’n tuiskoms. ’n Ervaring wat hy vergelyk met die 40-jaarreünie van sy matriekgroep van die Hoërskool Oos-Moot ’n ruk gelede.

“Jy sien skielik mense wat jy in matriek laas gesien en jy sit gesprekke voort wat jy 40 jaar gelede gevoer het. Jy ken mekaar jare en jy is terug en jy is tuis.”

Hy sê egter dat dit vir hom goed was om ’n ruk lank uit die politiek te wees en dat dit hom in staat gestel het om deel van die burgerlike samelewing te word.

“Dit was vir my ’n geweldige leerskool. Ek het so baie geleer van wat moontlik is binne die burgerlike samelewing. Maar ek het ook deeglik bewus geraak van die beperkings van die burgerlike samelewing alleen.”

Hy vertel dat die burgerlike samelewing nog nie werklik bestaan het toe hy die politiek in 2009 verlaat het nie.



“Die omskakeling van die Mynwerkersunie na Solidariteit was maar ’n paar jaar oud. AfriForum as ’n organisasie was toe maar drie jaar oud, met ’n ledetal van ongeveer 5000. En die Afrikaner- burgerlike samelewing was nog ’n embrio. In die 17 jaar wat intussen verloop het, het die Afrikaner burgerlike samelewing iets werklik geword. Die Solidariteit Beweging het ’n totale ledetal van digby die 600 000. Mense maak elke dag ’n bydrae om die Afrikaner- burgerlike samelewing sterker te maak. En dan skielik raak die politiek en die partypolitiek en toegang tot staatsgesag iets wat meer is as net toegang tot staatsgesag. Dit raak meer as net partypolitiek. En dit is binne hierdie konteks wat partypolitiek vir my weer aantreklik is. Want nou kan ek as ’n partypolitikus saamspan met ’n burgerlike samelewing wat sterk is.”

Die politieke landskap het ook baie verander sedert sy dae as parlementslid toe die ANC 69% van die steun op hulle kon verenig.

“Daar word baie gewag gemaak van groter partye en kleiner partye. Daar was deur die jare eintlik net een groot party en dit was die ANC. Daardie 69% het gekrimp tot 30% en op plekke selfs minder as 30% persent. Daar bestaan dus nie meer iets soos groot politieke partye in Suid-Afrika nie. Alle partye in Suid-Afrika is kleiner partye. En binne hierdie nuwe scenario is dit moontlik vir ’n party soos die VF Plus om rondom sy waardestelsel en rondom sy identiteit en rondom die gemeenskap wat vir hom belangrik is, ’n politieke magsfaktor te word.”

Spies sê ’n koalisie in die Tshwane-metro ná die komende verkiesing is ’n gegewe.

“Dit is vir my so hartseer dat daar politieke partye is wat nog veldtogte teen koalisies voer. ’n Politieke party wat ’n veldtog teen ’n koalisie voer, voer eintlik ’n veldtog teen die grondwetlike bedeling van die land wat voorsiening maak vir proporsionele verteenwoordiging.”

Hy vergelyk die Tshwane-metro met ’n sakeonderneming wat in ’n baie bevoorregte posisie is om die alleenreg te hê om vier produkte te kan lewer, naamlik vars water, betroubare elektrisiteit, goeie infrastruktuur en veiligheid.

Spies sê egter dat die metro om ’n paar redes nie tans hierdie “produkte” lewer nie; volgens hom is een van die redes ’n ondoeltreffende werksmag.

“Daar is 20 000 werknemers wat werk wanneer hoe en hulle wil. Dit is waar vir die meerderheid. Dit het ’n patroon geword dat die mense ná 09:00 in die oggend eers werk

Na bladsy 6

Willie Spies: Alle partye is kleiner partye (vervolg)

Van bladsy 5

toe gaan terwyl hulle werksdag 07:00 al begin en dat hulle elke aand oortyd werk."

Spies sê verder dat die struktuur van die werksmag ook skeefgetrek is en uit 'n rits bestuurders bestaan terwyl dit onderbeman is op grondvlak. In een van die elektrisiteitsafdelings in die metro is slegs 25% van die poste gevul.

"Die poste word geadverteer, hulle kry nie swart elektrisiëns wat aansoek doen nie. Dan hou hulle daardie poste leeg en stel eerder nog 'n swart kandidaat wat aan die transformasievereistes voldoen in die ketting van beheer aan."

Spies sê die enkele tegniese kundiges wat daar is, is oorwerk en onderbemagtig. Hy sê verder die metro benodig 'n elektroniese aanmeldstelsel om te verseker dat hulle hul volledige werksure aan diens is en stel voor dat daar dissiplinêr opgetree moet word teen korrupte amptenare.



Willie Spies en sy vrou Sandri

En dat die metropolisie, wat hom tans besig hou met die teistering van Wanatu- en Uber-bestuurders eerder moet fokus op die beveiliging van die infrastruktuur van die stad.

En wat dink hy van die steun wat die VF Plus uit swart gemeenskappe geniet?

Spies vertel dat hy tydens 'n onlangse besoek aan Mamelodi 'n toespraak daar gelewer het waar hy verwys het na die naam van dié gemeenskap en die bynaam van die destydse president van die ZAR, Paul Kruger, wat ooreenstem. En dat die toekoms vir die Afrikaner daarin lê om volhoubare vennootskappe met al die ander kultuurgemeenskappe in die land te handhaaf.

"Dit was my boodskap en dit vind aanklank in die gemeenskappe waar ons praat. Want mense in die townships smag na dieselfde goed as waarna ons smag. Hulle smag na die uitwissing van korrupsie, hulle smag na goeie dienslewering en hulle smag daarna om saam te werk met Afrikaners en te sê ons wil saam 'n pad stap." **N**





Boere mag nou self ent



Seugnet van Zyl

Die Pretoriase hooggeregshof het Donderdag die skikking tussen die staat, Sakeliga, Saai en Vrystaat Landbou oor bek-en-klouseer (BKS) bekragtig wat boere in staat stel om nou self hulle vee te ent. Dit volg nadat 'n skikkingsooreenkoms op 9 Julie vanjaar onderteken is.

Dié organisasies het in Januarie vanjaar die Hooggeregshof genader om antwoorde van John Steenhuisen, voormalige minister van Landbou, te bekom oor waarom veeboere en die private sektor nie self bek-en-klouseer-entstowwe kan bekom en dit in samewerking met staats- en privaat veeartse mag toedien om hulle kuddes te beskerm nie.

Die skikking bepaal dat die staat die reg van eienaar en bestuurders erken en ondersteun om hul diere teen BKS in te ent. Rekordhouding sal terselfdertyd aan die staat se vereistes vir die monitering van die voorkoms van BKS en teenmaatreëls moet voldoen. Die skikking bepaal ook dat geen staatsparty aanspraak mag maak op 'n uitsluitlike reg om BKS-entstowwe in te voer of te versprei nie.

Theo de Jager, voorsitter van Saai, sê hierdie skikking het die besluitnemingsmag aan boere teruggegee.

De Jager verduidelik dat die skikking ook beleidsekuriteit vir die rol van die privaat sektor bewerkstellig het.

"Daar was groot onsekerheid oor wat in die hande van die staat is en wat jy mag self doen. Toe alles in die hande van die staat was, was ons ook uitgelewer aan die kapasiteit van die staat met betrekking tot personeel en finansies. Nou dat die privaat sektor vrylik kan deelneem, kla niemand meer oor 'n tekort aan entstowwe nie."

Hy sê Saai kry daagliks glad nie meer oproepe van boere wat vra wanneer en hoe hulle hul kuddes kan inent nie.

"Dit voel vir my of boere baie meer selfvertroue gekry het oor hulle eie rol in bek-en-klouseerbestryding. Dis asof die houding voorheen was dat ons nou maar en sit en kyk wat die staat gedoen kry of nie, want die staat is dan nou verantwoordelik vir die bestryding van die siekte. Alles was ook die staat se skuld."

De Jager bevestig dat Willie Aucamp, nuwe minister van Landbou, 'n groot rol in dié verandering gespeel het.

"Aucamp toon baie meer simpatie met die boere. Hy kommunikeer op 'n heel ander manier met die boere en hy het 'n slag daarmee om die staat se kant van die saak te stel."

Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou, sê hy is bly oor die skikking, maar is bekommerd oor die beheer van BKS-uitbrekings.

"Ek is bekommerd dat boere nou gewoond geraak het aan BKS en dink dit is nie so ernstig nie. Mense moet nie te gou rustig raak nie, dis 'n lang proses om die bedryf vry te kry met inenting."

Anton Meijer, woordvoerder van Sakeliga, sê hierdie gunstige uitkoms beklemtoon opnuut die waarde van litigasie as 'n gepaste wettige meganisme om geskille in die openbare belang op 'n ordelike wyse op te los.

"Litigasie by aangeleenthede van openbare belang, waarby openbare instellings betrek word, behoort nie as persoonlike aanvalle beskou te word nie. Regsoptrede van hierdie aard is in beginsel volkome versoenbaar met die handhawing van opbouende samewerking en bly 'n gepaste meganisme, selfs wanneer sodanige verhoudings aanvanklik onder druk verkeer."

Volgens Meijer baan die skikking, wat nou 'n bevel van die hof gemaak is, die weg vir die ontwikkeling van stabiele en mededingende kommersiële voorsieningskettings vir BKS-entstowwe, soortgelyk aan dié wat reeds vir talle ander veeartsenykundige produkte bestaan. **N**





KYKNET SE SPLINTERNUWE SPELETJIESPROGRAM

Dink jy jy is slimmer as 99% van Suid-Afrika?

Die 1%-klub, met Pierre Breytenbach as aanbieder, soek 100 spelers per episode. Jy hoef niks te swot nie: dit gaan oor logika en gesonde verstand, nie oor feite nie. En daar is tot R100 000 om te wen.

HOE WERK DIT?

Honderd mense begin elke episode saam in die ateljee. Elke vraag is vooraf aan Suid-Afrikaners gevra, en die persentasie wys hoeveel van hulle dit reggekry het. Die eerste vraag kon 90% van die land beantwoord. Daarna word dit stap vir stap moeiliker, tot by die laaste vraag wat net 1% reggekry het.

Antwoord jy verkeerd, is jy uit. Bly jy tot aan die einde in die spel, sluit jy aan by Die 1%-klub en speel jy om jou deel van die prysgeld.

GEEN ALGEMENE KENNIS NODIG NIE

Hierdie is nie jou gewone vasvrawedstryd nie. Jy hoef nie hoofstede, datums of rugbytellings te ken nie. Die vrae is raaisels, patrone en kopkrappers wat enigiemand kan uitwerk, of jy nou ’n student, ’n boer, ’n onderwyser of ’n ouma is. Dis hoekom dit so lekker is om saam te speel, en hoekom die hele gesin tuis sal saamraai.

BRING JOU MENSE SAAM

Skryf alleen in, of daag jou vriende, kollegas, koor, klub of gemeente uit om saam te kom. Elkeen skryf self in, en groepe wat saam inskryf kan op dieselfde dag speel.

- ✓ Geen oudisie en geen inskryffooi nie.
- ✓ Opnames: 31 Oktober tot 17 November 2026 by Urban Brew Studios in Randburg.
- ✓ Die opname neem ’n volle dag, en ons het jou net een dag nodig.
- ✓ Jy moet 18 of ouer wees en vlot Afrikaans praat.
- ✓ Jy reël self jou vervoer na die ateljee.
- ✓ Inskrywings sluit op 31 Oktober.

Die inskrywing neem ’n paar minute: jy vul ’n kort vorm in en laai ’n video van jouself op, sodat die keuringspan jou kan leer ken. Plekke word gevul soos mense inskryf, so moenie wag nie.

SKRYF NOU GRATIS IN

Inskrywings sluit op 31 Oktober 2026

SKRYF IN

Die 1%-klub word deur Rapid Blue vir kykNET vervaardig. Vrae? die1persent-klub@rapidblue.com

Min verrassings in mini-begroting


Enoch Godongwana


Dawie Roodt

Redaksie

Die hoofekonoom van die Efficient-groep, Dawie Roodt, sê die mediumtermynbegrotingsrede het nie enige verrassings opgelewer nie.

Die minister van Finansies, Enoch Godongwana, het tydens sy mediumtermynbegrotingsrede 'n brandstofprysverligting van R10 miljard aangekondig. Die brandstofheffing sal op Woensdag 4 November met onderskeidelik R3 per liter vir diesel en R1,50 per liter vir petrol verlaag word. Die verligting sal tot 5 Januarie voortduur, waarna die dieselheffing met R1,50 per liter en die petrolheffing met R1 per liter verminder sal word.

Godongwana het voorts gesê dat die volgehoue fiskale dissipline en doelgerigte besparings daartoe gelei dat die land se staatskuld tot 4,3% van die bruto binnelandse produk gedaal het. Roodt sê alhoewel die belangrikste fiskale bewegings in die regte rigting is dit aan 'n groter belastinglas op die ekonomie toegeskryf kan word.

"Die fiskale tekort neem af maar dit is as gevolg van 'n toename in belastingontvangste."

Roodt sê hy is wel bekommerd oor Godongwana se erkenning dat die ekonomie baie swak presteer.

"Om die skuld te gee vir die oorlog in die Midde-Ooste oorlog is net eenvoudig nie geldig nie, want al die lande in die wêreld word hierdeur geraak. Dit is omdat Suid-Afrika se ekonomie so besonder swak is dat die invloed so groot is."

Theuns du Buisson, ekonomiese navorser verbonde aan die Solidariteit Navorsingsinstituut, sê die mediumtermynbegrotingsrede is 'n mengsel van korrekte, noodsaaklike, ingrypings en groot gapings en tekortkominge.

"Die nuwe beleidsrigting is uiters gefokus op die herstel van ou skade, eerder as om 'n groeiende ekonomie te vestig. Dit lyk nie of enigiets beplan word om belastingdruk te verlig nie en aan die spanderingskant is pogings maar power."

Solidariteit verwelkom wel brandstofprysverligting, maar versoek steeds dat dit gepaard gaan met groter ingrypings om reserwes, fisiek en finansieel, uit te brei.

TLU SA het die minister se aankondiging van tydelike verligting op brandstofheffings verwelkom en sê dit sal in 'n mate verligting bied aan landbouprodusente wat reeds onder aansienlike stygings in produksie- en vervoerkoste gebuk gaan. Die organisasie waarsku egter dat tydelike verligting nie kan vergoed vir jare se agteruitgang van infrastruktuur, ondoeltreffende logistieke stelsels en stygende bedryfskoste nie. TLU SA sê verder dat kommersiële boere grootliks prysnemers is en nie bloot elke bykomende koste aan verbruikers kan deurgee nie. **N**



OVK ontvang 700 klagtes oor verkiesingsverwante inhoud

Walter Ernst

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) het meer as 700 klagtes ontvang oor verkiesingsverwante inhoud voor die plaaslikeregeringsverkiesing op 4 November.

Die meeste klagtes hou verband met plasings wat op X gedeel is.

Die hoofkiesbeampte, Sy Mamabolo, sê dat sommige klagtes oor die ongemagtigde gebruik van mense se beelde deur middel van kunsmatige intelligensie handel.



Sy Mamabolo

Die OVK het Maandag 'n ooreenkoms met Google, Meta, Microsoft, TikTok en Moxii Africa gesluit om waninligting te bekamp.

Mamabolo sê dat oortredings kan lei tot boetes van R200 000, tronkstraf van vyf tot tien jaar of die deregistrasie van kandidate of partye.**N**

Suid-Afrikaners verloor miljarde aan digitale bankbedrog

Marelize Maré


Suid-Afrikaners het verlede jaar nagenoeg R2,4 miljard weens digitale bankbedrog verloor.

Die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum sê meer as 110 000 voorvalle is aangemeld, met verliese wat met 29,2% gestyg het in vergelyking met 2024.

Banktoepassings was by sowat 89% van die aangemelde gevalle betrokke.

Misdaadbendes maak dikwels mense deur middel van bedrogoproepe en vals boodskappe bang of plaas hulle onder druk om geld oor te plaas.

Die publiek word gemaan om nooit PIN's, wagwoorde of eenmalige wagwoorde te deel nie, en om verdagte versoeke deur amptelike bankkanale te verifieer. **N**









Telkom
RADIO
AWARDS

Stem vir
PretoriaFM
en staan 'n kans om
R40 000
te wen

Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

Veterane tree nou ook op YouTube aan



Redaksie

Die gewilde program *Veterane, Tree Aan!* is nou nie net meer op Pretoria FM te hore nie, maar kan nou ook op YouTube gevolg word. Dié program, wat onder leiding van die bekende omroeper, Martin Jansen, en brigadier Hennie Heymans staan, het ten doel om die verhale te vertel van die land se veterane wat voorheen diens in die weermag, polisie en ander veiligheidsinstellings gedoen het.

In die eerste episode wat op YouTube te sien is, gesels die span met die voormalige militêre geneesheer en bevelvoerder van die bekende 1 Militêre Hospitaal in Pretoria kol. (dr.) Georg Scharf. Dr. Scharf deel boeiende herinneringe uit sy diens op die grens, in die Bosoorlog en in Angola en bied eerstehandse insigte in die uitdagings, ervarings en mediese omstandighede van daardie tyd.

Pretoria FM se stasiebestuurder, James Kemp, sê die program het ten doel om die verhale te vertel wat andersins verswyg word.

"Dié veterane het 'n belangrike rol gespeel in die beveiliging van die land en die beskerming van die publiek. Ek is dankbaar dat Pretoria FM 'n platform kan bied waar die verhale, ook op kamera, vertel kan word."

Veterane, Tree Aan! kan elke Dinsdagaand om 20:30 op Pretoria FM gehoor word. Nuwe episodes word dieselfde tyd op Pretoria FM se YouTube-kanaal gelaai. Die eerste episode kan **hier gekyk** word. **N**



The Perfect Blendship bring Kersmusiek met gevoel dié November

Redaksie

The Perfect Blendship, bariton Douwe Bijkersma en mezzo-sopraan Lanie Coetzer, is op 28 November op AfriForum Teater se verhoog om 'n besondere Kersbelewenis te bring. Dié duo beloof om saam met professionele gaskunstenaars en twee uitnemende kore 'n betowerende ervaring vir jonk en oud te lewer.

Die Kersgevoel strek egter met hierdie vertoning veel verder as net musiek. *The Perfect Blendship* gaan ook vir elke gehoorlid die geleentheid gee om deel te wees van hul "Koevertjie vir 'n kind"-inisiatief ten bate van die President Kruger Kinderhuis. Hierdie inisiatief behels dat mense 'n kontantbydrae kan maak waarmee 'n "Krismiskous" gevul kan word op konsertdag.

Hierdie bydrae sal 'n reuseverskil in kinders se lewens maak hierdie Kersseisoen.

AfriForum Teater skop die projek af deur self die eerste 10 koevertjies in die "Krismiskous" te gooi en daag ook ander teaters, kultuurinstellings, organisasies en ondernemings uit om deel te neem aan dié inisiatief.

EFT-bydraes is ook welkom en kan gemaak word deur te skakel met Major Music Promotions (Pty) Ltd by info@majormusic.co.za.

"Die verhoog behoort nie net 'n plek te wees waar ons kultuur vier nie, maar ook 'n plek vanwaar ons na ons gemeenskap uitreik. Met hierdie projek wil ons die Kersgevoel omskep in iets tasbaars – 'n gebaar wat 'n kind laat weet dat daar aan hom of haar gedink word," sê Salet Smith, bestuurder van AfriForum Teater.

Kersfees saam met *The Perfect Blendship* is dus meer as 'n middag van uitsonderlike musiek. Dit is 'n uitnodiging om saam te sing, saam te vier én saam te gee. **N**



Kersfees is groot 2026 uitgestel

Redaksie

Trio Events en M4 Events het met groot spyt bekend gemaak dat Kersfees is Groot 2026, wat van 13 tot 15 November by Carousel sou plaasvind, uitgestel is.

Die organiseerders sê in 'n verklaring dat hulle tans alternatiewe ondersoek wat meer geskikte venues in die Pretoria-omgewing insluit en hoop om die voorgestelde reëlings so spoedig moontlik deur te gee.

Die besluit volg nadat hulle slegs ongeveer 50% van die vereiste aantal uitstallers kon bevestig. Volgens die organiseerders het verskeie faktore die deelname beïnvloed, waaronder die afstand na die venue en die gepaardgaande brandstof- en verblyfkoste. Sommige potensiële uitstallers het ook kommer oor die ligging en hul persoonlike veiligheid uitgespreek.

"Hoewel ons as organiseerders gemaklik was met die venue, neem ons hierdie terugvoer ernstig op. Verskeie uitstallers het aangedui dat hulle graag aan die geleentheid sou wou deelneem indien dit in of nader aan Pretoria aangebied word."

Die organiseerders sê dat hulle reeds aansienlike uitgawes op eie risiko aangegaan het wat onder meer dekor, bemarking, produksie, reis- en vergaderingskoste, gesondheids- en veiligheidsvereistes en kunstenaars-deposito's insluit. Hulle sê dat hulle verantwoordelikheid vir hierdie uitgawes aanvaar en die verliese self sal dra.

Uitstallers se opsies

Uitstallers sal die keuse hê om hul betaalde stalletjiegelde terug te ontvang, of om 'n paar dae te wag totdat 'n alternatiewe voorstel voorgelê kan word voordat hulle oor verdere deelname besluit. Geen uitstaller sal verplig word om na die herskeduleerde geleentheid oor te skuif nie.

"Ons konsultante sal binnekort elke uitstaller kontak om die beskikbare opsies en die proses vir terugbetalings of verdere deelname te bespreek. Ons verstaan dat hierdie uitstel ongerief en teleurstelling veroorsaak en vra opreg om verskoning. Trio Events en M4 Events aanvaar volle verantwoordelikheid vir die hantering van die situasie en is daartoe verbind om dit deursigtig en billik af te handel."

Die organiseerders sê dat hulle deur die jare sterk verhoudings met hulle uitstallers, mediavennote, borge en diensverskaffers opgebou het.

"Ons waardeer hierdie vertroue en sal dit deur verantwoordelike optrede en duidelike kommunikasie beskerm. Hoewel nie een van ons voorheen 'n geleentheid gekanselleer het nie, glo ons dat uitstel onder die huidige omstandighede die verantwoordelikste besluit is. Dit bied ons die geleentheid om 'n meer geskikte ligging te vind en die geleentheid op 'n sterker grondslag aan te bied." **N**



Pretoria FM

25% afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer



Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek **www.nuusweek.co.za**

Nuusweek

Regskennisgewings

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt



Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Lesers was nie gelukkig met die Konstitusionele Hof se besluit om die 181 kandidate van die ANC wat nie voor die Onafhanklike Verkiesingskommissie se spertyd geregistreer was nie, toe te laat om wel aan die komende plaaslikeregeringsverkiesing deel te neem. Hier is wat hulle te sê gehad het:

Dirk van Rooyen

Die hof behoort aan die ANC. Die ANC maak soos hulle wil, want geen wet is groter as hulle nie. Dit gaan nou vir 32 jaar so. Het enige iemand gedink die hof uitspraak sal anders wees? Maar SA laat dit toe. Van 1992 se Ja-stemmers af. Ag, dis nie so erg nie, en dan is die volgende ding ook nie so erg nie en kyk hoe het alles verval. Tyd om ons hak in die grond te kap. Genoeg is genoeg.

Frik Lategan

Kan iemand asb. vir SARS sê my BTW was betyds gelaai. Ek het net nog nie die "submit payment"-knoppie gedruk nie.



Pine Pienaar

Is dit nou dieselfde hof wat veronderstel is om ons teen onteiening sonder vergoeding te beskerm? Ek vra namens 'n vriend.

Jan Oosthuizen

Nou hoe anders? Ons lewe in Suid-Afrika.

Frik Dorfling

Net om weer te verloor.

Piet Roos

So wanneer is die afsnytyd dan? Êrens moet IEC die goed druk. Het die hof darem gesê wanneer? Want nou kan almal laat wees. En hoe laat?

Elsa Nortje

Nee wat, ek is seker die hele land het die uitslag verwag! Geen verrassing nie.

Marie Mattheus

Geweet hulle gaan daarmee wegkom.

Walter Loyd

Sê liewers niks. Kom met alles weg.

Ons wil graag van jou hoor.
Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



INTERNASIONALE PERSPEKTIEF
Jaco Kleynhans



Wie gaan die middeltermynverkiesing in die VSA wen?

'n Vriend in Lansing, Michigan het onlangs foto's van sy stembrief aangestuur. Hy het vroeg gaan stem en moes in totaal meer as dertig stemme uitbring. Dit het stemme ingesluit vir goewerneur en senator van Michigan, vir die huis van verteenwoordigers, vir die senaat en die huis in die Michigan-wetgewer, vir die prokureur-generaal en talle ander posisies in die deelstaat se regering, sowel as vir trustees by universiteite, raadslede vir die liggaam wat oor onderwys in die deelstaat toesig hou, regters in Michigan se hooggeregshof en appèlhof, skoolbeheerliggame en talle inisiatiewe wat soos 'n referendum deur kiesers goedgekeur moet word. Om in die VSA te stem, is veel ingewikkelder as wat heelwat mense besef. Dit is immers die aard van 'n sterk gedesentraliseerde kiesstelsel, waar kiesers inspraak kry in die aanstelling van die meeste openbare ampsdraers.

Met net meer as tien dae oor tot die verkiesing, is die wêreld se oë gerig op die beheer van die Amerikaanse kongres en wat dit vir president Donald Trump in die laaste twee jaar van sy termyn gaan beteken. Die middeltermynverkiesing is egter veel meer omvangryk en het blywende gevolge in elke deelstaat, en elke distrik in daardie deelstaat. In Lansing moes my vriend onder meer stem oor 'n bykomende belasting op brandstof wat net in Lansing sal geld en wat bedoel is om verhoogde polisiëring, brandbestryding en die herstel van sypaadjies te finansier. Die verkiesing gaan dus oor veel meer as net beheer van die kongres in Washington DC.

Beheer oor die kongres en goewerneurskappe

Die belangrikste fokus, veral in die media en veldtogte, is egter natuurlik altyd, soos ook vanjaar, op federale posisies. Nadat die Amerikaanse grondwet in 1787 saamgestel en dit in 1789 deur die deelstate aanvaar is, is die huidige stelsel om federale verkiesings te hou, geïmplementeer. Die eerste middeltermynverkiesing het tydens die presidentskap van George Washington plaasgevind; dit het nie op een dag plaasgevind nie, maar deelstate het tussen April 1790 en Oktober 1791 hul middeltermynverkiesings gehou. Die standaardisering na een datum is eers later, in 1872, geïmplementeer.

Sedert 1872 is daar dus elke twee jaar 'n federale verkiesing in die VSA op die eerste Dinsdag ná die eerste Maandag in November. Elke vier jaar word die president verkies. Die verkiesings wat tussen twee presidentsverkiesings plaasvind, staan dan as middeltermynverkiesings bekend.

Elke deelstaat word deur twee senatore verteenwoordig, of dit nou Wyoming met sy minder as 600 000 burgers of Kalifornië met sy byna 40 miljoen is. Die doel daarvan is om 'n magsewewig tussen landelike, ylbevolkte dele van die VSA en digbevolkte, groter deelstate binne die federalistiese stelsel te verseker. Senatore dien 'n sesjaartermyn met 'n derde van senatore wat elke tweede jaar dus herverkies word, behalwe in gevalle waar senatore afgetree het of oorlede is en deur 'n tydelike aanstelling vervang is. Daar is vanjaar 35 senaatsverkiesings, aangesien daar in twee deelstate tydelike aanstellings gemaak is ná die vertrek van die vorige ampsbekleërs.

Die huis van verteenwoordigers bestaan uit 435 distrikte wat elke tien jaar ná 'n sensus hersaamgestel word. Deelstate word volgens hul bevolkingsgrootte 'n aantal setels toegeken en elke deelstaat moet dan sy distrikte daarvolgens saamstel. Tans is die gemiddelde bevolking per distrik net meer as 760 000. Lede van die huis van verteenwoordigers dien almal slegs 'n tweejaartermyn, wat beteken dat alle lede dus elke twee jaar herverkies moet word.

Die meeste deelstate se goewerneurs dien vierjaartermyne. Vanjaar moet daar 39 goewerneurs verkies word.

Verwagtinge vir vanjaar se verkiesing

Oor die afgelope honderd jaar het 'n president se politieke party slegs drie keer daarin geslaag om 'n middeltermynverkiesing te wen. Die Republikeine het die afgelope twee jaar die Withuis, senaat en huis van verteenwoordigers beheer. Dit gebeur dus baie selde dat die party in so 'n situasie daarin sal slaag om in die middeltermynverkiesing te wen.

Die afgelope paar maande dui peilings daarop dat die Demokrate dan ook nasionaal met tussen 5% en 10% voorloop. Hoewel dit as 'n aanduiding van die nasionale politieke sentiment dien, voorspel dit nie noodwendig die finale uitslag nie, aangesien die Demokrate se steun hoogs gekonsentreerd is in stedelike gebiede en 'n kleiner getal deelstate. Republikeine se steun is meer verspreid.

Demokrate se voordeel vanjaar is die tradisionele neiging dat 'n middeltermyn-verkiesing 'n magsbalans binne

Na bladsy 17

Wie gaan die middeltermynverkiesing in die VSA wen?(Vervolg)

Van bladsy 16



Washington teweegbring. Kiesers is dus meer geneë om die opposisieparty te steun. President Trump se dalende steunvlakke, tesame met woede oor hoë brandstofpryse en stygende inflasie, tel ook sterk in Demokrate se guns.

Wat in die Republikeine se guns tel, is die feit dat hulle vanjaar oor aansienlik meer befondsing beskik as die Demokrate. Daarbenewens is die belangrikste setels, veral in die senaat, in tradisioneel Republikeinsgesinde deelstate, waar die party goeie strukture in plek het.

My voorspelling

Dit is hoogs waarskynlik dat die Demokrate beheer oor die huis van verteenwoordigers gaan neem. Republikeine het tans 'n klein meerderheid daar en slegs enkele oorwinnings vir die Demokrate sal beteken dat hulle beheer van die laerhuis kan neem.

In die senaat gaan dit moeiliker wees vir die Demokrate. Daar is twaalf deelstate om dop te hou. Vir nou lyk dit na 'n uitgemaakte saak dat die Demokrate die setel in Noord-Carolina sal verower. Demokrate sal die setels in New Hampshire en Georgia behou. Republikeine sal die setels in Nebraska, Kansas en Florida waarskynlik behou. Dit beteken dat die Demokrate vier van die setels in ses deelstate – Alaska, Texas, Iowa, Ohio, Michigan en Maine – sal moet wen.

My uiters gewaagde voorspelling is dat Susan Collins, soos sy vir drie dekades gedoen het, weer in Maine gaan verras deur haar setel te behou. In Texas gaan Ken Paxton se agterstand opdroog danksy goeie organisering deur die Republikeine en gaan hulle die setel behou. Ook in Iowa sal die Republikeine net-net wen. Dit bring die Republikeine tot by 50 setels wat, met die beslissende stem van adjunkpresident JD Vance, vir die party 'n meerderheid en dus beheer oor die senaat gee. In Michigan, tans 'n Demokraat-setel, behoort die Republikein Mike Rogers dalk 'n haas uit die hoed te pluk teen 'n radikale linkse kandidaat. Dit is tans 'n kop-aan-kop-stryd. In Ohio haal die Republikeine in, maar is hul kandidate vir senator en goewerneur steeds agter.

In al hierdie verkiesings gaan die uitslag nou bepaal word deur wie werklik opdaag om te stem. Die stempersentasie in 'n middeltermynverkiesing is byna altyd onder 50%. Gaan meer Demokrate gemotiveer wees om te gaan stem? Gaan Republikeine se organisering en sterk befondsing help om meer Trump-ondersteuners by die stembus te kry? Uiteindelik sal die uitslag deur opkoms bepaal word, maar vir nou lyk dit of die Demokrate die huis van verteenwoordigers kan wen en die Republikeine net-net beheer oor die senaat gaan behou.**N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*





Padlangs

Alta Strauss

Wanneer regstelling 'n rookskerm word



Aan wie behoort die land? Die afgelope week kom ek weer op die Skrifgedeelte af waar koning Salomo die moeilike taak opgelê is om te beslis aan watter ma die baba behoort.

Twee vroue staan voor hom, beide het in een huis gebly, beide het 'n baba in die lewe gebring. Een baba is dood. Een baba leef. Beide beweer dat die baba wat leef haar baba is. Salomo beveel, "Bring vir my 'n swaard en sny die kind wat lewe in twee stukke en gee vir elkeen van hulle 'n helfte!" Maar die ma van die kind wat lewe, begin toe by die koning smeek, want haar hart het inmekaar gekrimp oor die lot van haar baba, en sy sê: "Asseblief, U Majesteit, gee die seuntjie wat lewe vir haar, moet hom tog net nie doodmaak nie." Maar die ander vrou sê: "As ek hom nie kry nie, kry jy hom ook nie. Sny hom deur!" Salomo lewer toe sy uitspraak en sê, "Moenie die kind doodmaak nie, maar gee hom vir die een dáár, sý is die ma!" Die een wat gepleit het vir die baba se lewe.

Dan kyk ek na dit wat in ons land gebeur. Wie bou? Wie breek? Wie skep 'n ruimte van lewe en vooruitgang? Wie spoor geweld en moord aan? Aan wie behoort die land? In 'n tyd waar daar 'n ewig toenemende oorlog en vyandskap teen die Weste is, is daar beslis 'n argument te maak oor hoe kulturele en morele verhale gebruik of misbruik word om mense se verbeelding en waardestelsels te herskryf.

Dit is kommerwekkend om te sien hoe retoriek belangriker as die feite en waarheid in ons land geword het. Hoe die openbare taal oor geregtigheid, regstelling en herstel lankal nie meer primêr 'n etiese saak is nie, maar 'n instrument om mag te konsolideer, kritiek as vyandigheid af te maak en aanhitsing tot geweld ten alle koste te regverdig.

Die regstellende gesprek is vir veels te lank 'n eensydige een en niks anders as wettige diskriminasie, geweld, ontneming van eiendom en sistematiese uitsluiting en versmoring van die Afrikaner taal en kultuur nie.

Ons bevind ons in 'n kulturele oorlog. 'n Kulturele oorlog waarin die narratiewe bedoel is om 'n sekere lojaliteit, skuld en identiteit af te dwing. Die regering en sy bondgenote swaai die morele vlag van regstellende aksie, maar terselfdertyd word korrupsie, swak dienslewering en die absolute afwesigheid van verantwoordbaarheid onder die mat gevee.

Regstelling dien nie meer langer as die herstel van onreg nie, maar is 'n voortdurende proses waarin lojaliteit en identiteit meer weeg as verdienstelikheid, kundigheid, effektiwiteit en integriteit.

Kritiek op wanorde en korrupsie word as minagting van die vryheidstryd hermerk, selfs as 'n terugkeer na apartheid bestempel, eerder as om dit as 'n geldige poging tot beter bestuur en verantwoordbaarheid te verwelkom. Die fokus verskuif van beleid en resultate na bewysvoering van 'n groepsaanspraak. Wie is die regverdige party, wie is die slagoffers? Wie mag kla en wie moet stilgemaak word?

Die krisis waarmee ons sit, is dat waar regstelling geen einddatum het nie en onbepaald bly, herstelnarratiewe onvermydelik deur magspolitiek oorgeneem sal word, en die gesprek een sal raak waar wraak as die primêre dryfveer dien. Dit is wat ons tans in ons land sien. Die bou van morele kaders waarin lojaliteit aan party as deug, en kritiek as verraad, gesien word. Waarin die waardes en beginsels wat as riglyn en grensbepaling dien, boos en oneties is.

Ons sien hoe die ruimte vir kalm, feitelike, logiese, objektiewe evaluasie by die dag kleiner en kleiner word, soos hierdie argumente nie net in die parlement nie, maar ook in die howe en openbare platforms die norm raak. Ons sien hoe dubbele standaarde en selektiewe morele skuld heers.

Wat anders is dit as om oorlog teen die Westerse wêreld te verklaar? Deur sekere geskiedenisse van geweld, onreg en uitbuiting voor te hou asof dit slegs aan een groep behoort? Die Westerse wêreld wat as die groot euwel bestempel word, terwyl ander geskiedenisse en die grusame magsmisbruik onondersoek bly. 'n Blinde oog gedraai word vir die geweld en wetteloosheid wat daar heers. Hoe slegs sekere misdade as misdade beskou word en ander ontken, versag of van blaam onthef word.


Ná 30 jaar is moraliteit stelselmatig met mag vervang. Historiese skuld gebruik as 'n rookskerm om die aandag weg te trek van die kernprobleme rondom swak dienslewering, bestuur en fiskale dissipline. 'n Eens florerende ekonomie verwoes deur korrupsie en praktiese meganismes wat die groei daarvan ondersteun en bevorder.

Dit blyk die epidemie van ons tyd te wees. Een van onversadigbare magsgierigheid, gebrek aan dankbaarheid en 'n kultuur van wraaksug. Die swaard het gekom om die koring van die kaf te skei en te bepaal wie die land moet kry, want wanneer die waarde van vryheid, regte, institusionele stabiliteit en materiële vooruitgang as vanselfsprekend aanvaar en gering geag word, loop dit op 'n totale verval, verarming en dood uit.

Die jammers is gesê. Die tyd het gekom om 'n einde te maak aan hierdie diep swart gat van bitterheid wat vooruitgang versmoor.**N**

**Alta Strauss is 'n breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*

Die Poskoets



Passasiers staan op die wal en kyk hoe een van die Heys-koetse die Sesmylspruit oorsteek. Foto: The Press Journal (datum onbekend)

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder



'n Poskoets voor die poskantoor op die Kerkplein. Foto: Het Geheugen van Nederland



Op hierdie illustrasie van C.E. Fripp kan duidelik gesien word hoe wild die rit in die poskoets soms was! In die verte kan mens 'n ossewa sien aankom. Foto: Victorian South Africa van Eric Rosenthal.

Voor die spoorlyn en treine Pretoria in die 1890's bereik het, is pos en passasiers vervoer deur poskoetse getrek deur perde, muile, en op 'n stadium selfs sebras! Swaarder goedere is deur transportryers op ossewaens vervoer.

'n Hele aantal maatskappye het hierdie posdienste gelewer, waarvan die bekendstes in Pretoria seker die Zeederbergkoetse en die van George Jesse Heys se Heys & Co. Express Saloon Coaches was. Die kantoor van die Heys-firma was in Kerkstraat, aan die westekant net langs die hoofposkantoorgebou, met die stalle daar naby.

George Heys het sy koetsvervoerbesigheid in 1882/83 begin en, ten spyte van hewige kompetisie tussen die onderskeie firmas, 'n groot sukses daarvan gemaak. Sy koetse het hoofsaaklik vier roetes bedien: vanaf Pretoria na die eindpunt van die spoorlyn (vanaf Kaapstad) in Kimberley, 'n weeklikse diens na Barberton met takroetes na Lydenburg en Pelgrimsrus, 'n diens na Pietersburg in die noorde, en ook een na Charlestown, in die noorde van Natal. Ná die ontdekking van goud was sy lonendste roete egter die korter een tussen Pretoria en Johannesburg.

Die rede vir sy sukses was die goed georganiseerde wyse waarop sy firma die diens bedryf het: Daar was op elke roete 'n skofstasie op ongeveer elke 10 tot 15 myl, waar die passasiers vinnig kon eet en hulle verfris, en die perde geruil kon word. Koetse is meestal uit Amerika ingevoer, en het blykbaar nie baie lank gehou nie.

Heys het sy koetsdiens geadverteer as The Quickest and Most Direct Route. No Night Travelling. Civility. Comfort. Safety. 'n Mens weet nie heeltemal of die beloofde gemak gelewer kon word nie, want in 'n ander advertensie waarsku hy: "Travellers by coach should not fail to provide themselves with blankets, a mackintosh sheet, a cooking billy, cups etc., and something to eat. The reader is warned that nights are often extremely cold and rain sometimes fall in a veritable flood."

Daar was eintlik baie gevare op so 'n rit – passasiers was ongemaklik styf teen mekaar ingedruk in die kajuit, en daar was ook 'n paar ongelukkiges bo-op die dak saam met die koetsier. Soms het van hierdie ouens afgeval wanneer die paaie te rof geraak het, en gebreekte arms, ribbes ens. was blykbaar nie ongewoon nie. Passasiers moes dikwels uitklim wanneer die koets deur vol riviere moes gaan. Die koetse is ook soms deur struikrowers beroof. Heys se koets is byvoorbeeld eenkeer naby Pelgrimsrus beroof van 3580 ons fyn goud, wat nooit teruggevind is nie.

Die koetsiers en passasiers was ook naderhand baie tam vanweë die streng tydskedule, wat soms tot ongelukke gelei het. 'n Rit na Kimberley moes byvoorbeeld in ongeveer 59 uur afgelê word, wat omtrent geen tyd vir rus toegelaat het nie. 'n Boete is betaal vir elke uur wat die koets laat was. Volgens die kontrak met die Poskantoor moes die wag op die koets ook by elke dorp hulle aankoms met 'n trompet aankondig, en daar moes heel eerste pos by die plaaslike poskantoor afgelewer word, voordat die passasiers afgelaai kon word.

Die gebruik om die koetse aan te kondig was nie ongewoon nie. In 1951 het Cornelis Morgan in 'n onderhoud met H. Behrens, die stedelike skakelbeampte, vertel dat sy pa, Francois Petrus Morgan, die plig gehad het om die klok op die kerkplein te lui wanneer die Zeederbergkoets op die dorp aankom. Die klok het in 'n groot akkerboom gehang. By die lui van die klok het die dorp se inwoners dan uit alle rigtings aangekom om hulle briewe te kom haal, en sommer bietjie gekuier en al hulle bure se nuus gehoor..N

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



#vrydagfeite


[Foto: www.posters.cz]

Dertig jaar ná een van die dodelikste rampe op berg Everest is die raaisel van een van die vermiste klimmers eindelik opgelos.


Niemand het sedert Mei 1996 met sekerheid geweet wie die persoon is wat in 'n rotsklofie op die berg lê nie. Hy was aan sy groen klimstewels herkenbaar en het as "Green Boots" bekend gestaan. Daar is aanvanklik gedink dat dit die Indiese soldaat Dorje Morup kan wees, maar baie mense het geglo dat dit sy kollega Tsewang Paljor is. DNS-toetse het egter nou bevestig dat dit wel Dorje is. Dorje was een van ses klimmers in 1996 op 'n ekspedisie van die Indo-Tibetaanse Grenspolisie wat probeer het om die kruin van Everest te bereik – wat op die grens tussen Nepal en die Chinees beheerde gebied van Tibet lê.

Indië beplan om Dorje se liggaam teen Oktober vanjaar van Everest af te bring. Dit gaan uiters moeilik wees, onder meer omdat daar tussen Junie en Oktober baie sneeu val, met die operasie wat weke kan duur. **N**



Die Boekeblad met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Goedheid en guns
– Sophia Kapp

R350, Boekdiva Uitgewers

Die tweede storie in die reeks oor die Barnardmeisies is hier!

Sy is by 'n kruispad, hy is met sy rug teen die muur: Mari Barnard se loopbaan as model is verby, en sy het so hard gewerk aan plan A dat sy nooit aandag gegee het aan plan B nie. Sy is een-en-dertig en skielik is sy werkloos, en rigtingloos.


Dawid McGregor is radeloos. Lily-lief, sy oorlede broer se dogtertjie, is in sy sorg, maar skielik wil haar vervreemde ma beheer en toesig oor haar hê. Nie net gaan hy hierdie kind verloor nie, hy gaan die helfte van sy plaas verloor as haar ma Lily se aandeel daarin verkoop.

Van daardie helder oomblik in die Kompanjiestuin toe hulle mekaar die eerste keer gesien het, het sy geweet dit is so bestem: Hierdie man en hierdie kind is haar rede. Maar Dawid is 'n man van min woorde en lang stiltes – iemand wat nooit geleer het hoe om te vertrou nie, iemand wat stom gelaat is deur die ontberings van die verlede.

Gaan Mari Barnard, met haar eerlikheid en emosionele onverskrokkenheid hierdie man kan bereik, of is die houe wat die lewe uitgedeel het net te seer en die littekens te diep? Goedheid en guns is 'n diep menslike verhaal wat in elke Sophia Kapp-aanhanger se smaak gaan val

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Tobie
– Chris Vorster



R420, Protea

In hierdie biografie (met outobiografiese neigings) gesels Tobie Cronjé in eenvoud – alhoewel soms diep filosofies – oor sy menswees en loopbaan.

Verskillende onderhoude met Tobie oor die afgelope vier jaar is geredigeer deur sy vriend Chris Vorster om Tobie sover moontlik – veral as hy gesels oor sy kinderjare – direk aan te haal. Hier en daar voeg Vorster konteks by deur mede-akteurs en vriende of familie se wyshede, maar die inhoud en geselstrant is ten volle Tobias Jurgens Cronjé!

Tobie: "Hoe ouer mens word, hoe meer waardevol raak tyd. Jy moet dan juis nie tyd mors op twak nie. Iemand wat my biografie lees se grootste uitgawe is nie die aankoopprys nie, maar die tyd wat daai arme mens aan die lees spandeer. Dit moet die moeite werd wees … op verskeie vlakke. Dit moet seker inspirerend wees, en mense moet miskien iets daaruit leer (as hulle wil) … so, twee van die grootste lesse wat ek al in my lewe geleer het is om jou naaste lief te hê soos jouself, en om nie te eet terwyl jy nies nie."

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Opwipsprokie: Raponsie
– North Parade Publishing



R265, Human & Rousseau

Raponsie woon hoog bo in 'n heks se toring. Sy ken geen ander lewe nie— totdat sy 'n goedhartige prins ontmoet wat haar wys hoe vryheid lyk.

In hierdie vertelling van die immergroen sprokiesverhaal vou die tonele voor jou in 3D oop. Elke bladsy is 'n nuwe avontuur met illustrasies wat jong lesers sal boei.

Verken die afgeleë toring, die digte woud en Raponsie en die prins se gelukkige einde in hierdie geliefde toevoeging tot die bekende Opwipsprokie-reeks.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Opwipsprokie: Pinocchio
– North Parade Publishing



R265, Human & Rousseau

In 'n besige klein werkswinkel word 'n houtpop wonderbaarlik lewendig.

In hierdie vertelling van die immergroen sprokiesverhaal Pinocchio vou die tonele voor jou in pragtige 3D oop. Verken die gesellige werkswinkel en Pinocchio se opwindende wêreld terwyl die klassieke verhaal op 'n besondere manier tot lewe kom.

Hierdie nuwe uitgawe is die perfekte versamelstuk vir enige sprokiesliefhebber.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

TOPVERKOPERS

Hier is die week se topverkopers:

10	***Sterre is vir altyd*** – Sophia Kapp
9	***Twee halwes maak 'n hele*** – Marita van der Vyver
8	***Ingekluis*** – Tertius Janse van Rensburg
7	***Anderkant die water*** – Ronel du Plessis
6	***Historiese almanak*** – Albé Grobbelaar
5	***Diereriem*** – Etienne van Heerden
4	***Blinde kol*** – Martin Steyn
3	***Beneweling van bloed*** – Pieter Stoffberg
2	***Op Lig*** – Thilde Nel
1	***Goedheid en guns*** – Sophia Kapp



3 Lesers kan elkeen 'n R300-Graffiti-geskenk-bewys wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Goedheid en guns geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en **volledige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag 26 Oktober 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenners van 16 Okt 2026 se boekekompetisie is:
Liezel Cornelius – Polokwane
Johan van Rooyen – Leeupoort
Breggie Taljaard – Kempton Park

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by

www.graffitiboeke.co.za

teen 10% afslag.

Leef jy as ’n nuwe mens?

7VOOR7

Ds. Dirk du Preez
NG Gemeente Deneysville

Het jy al daaraan gedink dat lente die enigste seisoen is waaraan ’n dag gekoppel? Daar is nie ’n Wintersdag, Somersdag of Herfsdag nie, maar Lentedag? Ja, beslis! Want lente word beskou as die begin van alles wat mooi is. Die bome begin bot, gras word groen wanneer die reën val, alles lyk sommer net helderder en ruik sommer net varser. ’n Nuwe maand, ’n nuwe seisoen. Alles nuut. Paulus herinner ons in 2 Kor 5:17 ook aan iets nuuts. Hy sê: “Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.” Jy en ek is nuwe mense, sê Paulus. Hierdie “nuwe” verwys nie na iets waarop daar net ’n verbetering aangebring is nie. Nee, dit verwys na iets nuuts, iets wat nooit voorheen bestaan het nie.

En Paulus gaan verder deur te sê dat dit alles die werk van God is, werk wat Hy deur Christus gedoen het. Die evangelie in ’n neutedop. Maar wat beteken dit om ’n nuwe mens te wees? Dis goed en wel dat ons hoor ons is nuwe mense, en dit val baie mooi op die oor. Maar wat beteken dit? Eerstens beteken dit dat ons nou die kapasiteit het om mense te sien in dieselfde lig as wat Christus hulle sien. En dit kry ons net reg as gevolg van die innerlike verandering wat Christus teweeg gebring het.

Tweedens beteken dit dat, aangesien ons mense nou anders sien as in die verlede, ons ook anders teenoor hulle moet optree. Dis tog die logiese gevolg van sulke drastiese veranderinge in ons lewe. Ek kyk nou met Christus se oë na mense, deur die bril van sy bloed. En ek het lief soos Hy liefhet. Want ek sien mense nou in ’n ander lig.

Derdens dink ek om ’n nuwe mens te wees, beteken dat ek nou die wil van God sal najaag en nie meer my eie wil nie. Want onthou, die ou, sondige mens is dood en daarmee saam sy of haar begeertes. Die ou mens met sy selfsugtige selfgesentreerdheid is vervang deur ’n nuwe mens wie se begeertes Christusgesentreerd is. Die belangrikste verskil tussen die twee mense wat Paulus hier beskryf, is dat my gedagtes en begeertes nou nie meer op myself gefokus is nie, maar op Christus en die belange van ander.

En nou die vraag: Lewe ek as ’n nuwe mens? Weerspieël my verhoudings met my huweliksmaat, my kinders, my ouers, my vriende en kollegas dat ek nuut gemaak is? Leef ek so dat mense rondom my kan sien dat my enigste begeerte is om Christus se belange en daarmee saam ander mense se belange voorop te stel? ’n Nuwe mens se uitkyk op die lewe verander mos. Dinge wat eens belangrik was, is skielik nie meer nie. Wanneer lente aanbreek, dink ons nie meer aan die winter nie. Dis iets wat verby is en ons sien uit na die nuwe seisoen met al sy wonderlike vooruitsigte.

Nuwe mense kan nie vashou aan die verlede nie. Ons kan nie roem daarop dat ons nuwe mense is, maar nog leef met ons eie selfsugtige begeertes, ons eie wil soek en ons eie belange voorop gestel nie. Eers wanneer ons LEEF soos nuwe mense gaan die wêreld glo dat ons nuwe skepsels is. As dit vir ons belangrik is, sal ons erns daarmee maak. En die tyd om dit te doen, is nou.**N**

VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Pietermaritzburg, genoem na die Trekkerleiers Piet Retief en Gerrit Maritz, is op 23 Oktober 1838 gestig. Die strate was aanvanklik 75 voet breed (d.w.s. byna 23 meter) sodat ossewaens daarin kon draai. Dit was in Pietermaritzburg waar die Voortrekkers ter vervulling van die Gelofte die Geloftekerk, wat in 1841 ingewy is, gebou het.

Die Afrikaanse skrywer Karl Kielblock is op 23 Oktober 1907 gebore. Hy het in 1970 die Akademie se Scheepersprys vir jeuglektuur ontvang vir sy avontuurverhaal, Rebel. Van sy ander boeke was *Die Skat van Java* en *Moord op Eendevlei*. Karl Kielblock is in 1991 oorlede.

Die Belgiese strokiesprenttekenaar Peyo het op 23 Oktober 1958 die strokies-karakters Die *Smurfs* bekendgestel. Die *Smurfs* is klein, blou, mensagtige figuurtjies wat in paddastoelvormige huisies in die woud bly. Daar is meer as ’n honderd verskillende *Smurf*-karakters.

Die Brasiliaanse sokkerspeler wat as die beste speler van alle tye beskryf word, Edson Arantes do Nascimento, orals bekend as Pelé, sou vandag 86 geword het. Pelé is die enigste sokkerspeler wat drie keer lid was van ’n span wat die Sokkerwêreldbeker kon wen, nl. in 1958 (toe hy maar 17 was), in 1962 en toe weer in 1970. Hy is in 2022 oorlede.

En dan vier die gerekende skrywer, digter en akademikus Antjie Krog vandag haar 74ste verjaarsdag. **N**


Piet Retief


Karl Kielblock


Peyo


Pelé


Antjie Krog

LVMH (DAX – MOH)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

LVMH se hoofbesigheid is luukse goedere, met Fashion & Leather Goods as die grootste en winsgewendste segment. Handelsmerke soos Louis Vuitton, Dior, Fendi en Celine dryf die meeste groei en inkomste, wat LVMH se fokus op eksklusiwiteit, handwerk en sterk marges vorm. Let daarop dat die aandeel op die DAX genoteer is en in euro verhandel.

Kernbevinding

Die MACD-indikator sal eers bo die nullyn opwaartse momentum bevestig.

Die dalendekanaalformasie (moontlik positief) en die sprong in volume is opvallend – die kopers van die aandele sal gelukkig wees bo 398,35.

Bo lyn A (390,78) kan die formasie na bo in werking kom, en dalk mettertyd die teiken na bo bereik van 432,12.

Onder 375,70 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: 373,22; 371,56; 369,20; 367,66; 365,50; 363,43; 361,41 en 359,19 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer dus die aandeel onder 375,70.

Vir spekulante

Koop of bly lank bo lyn A (390,78), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik 375n70 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: 394,12; 398,67; 400,00; 403,56; 406,56; 408,50; 409,30; 410,20; 413,67; 415,80; 418,21; 422,45; 425,75; 427,21; 430,78; 432,12; 436,66; 439,00; 441,95; 442,95; 445,34; 447,18; 450,87; 453,10; 456,55; 459,54; 462,24; 465,08 en 468,10.

Vir medium- tot langtermynbeleggers

Doen dieselfde as die spekulante en hou ook by hulle keerverlies om kapitaal te beskerm. Verhoog blootstelling bo 418,15, maar gebruik dan 400,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – 415,45) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel en bo die lyn is hulle positief.

Belangrike vlakke om dop te hou:

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk beweeg na: 398,67; 400,00; 403,56; 406,56; 408,50; 409,30; 410,20; 413,67; 415,80; 418,21; 422,45; 425,75; 427,21; 430,78; 432,12; 436,66; 439,00; 441,95; 442,95; 445,34; 447,18; 450,87; 453,10; 456,55; 459,54; 462,24; 465,08 en 468,10.

Opsomming

Koop of gaan lank bo 390,78, maar gebruik 375,70 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Gevolgtrekking

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk
Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan
fransdeklerk.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

Ambag

Forklift Auto-Electrician (T/Tested) - TRG 2411 (Durban)- The Recruitment Guy | Durban | Sluitingsdatum: 29/10/2026

Au Pair

AU PAIR - ABC AU PAIRS | Die Wilgers, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Beveiliging & Sekuriteit

Junior Operations Supervisor (Security) TRG 2404 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluitingsdatum: 27/10/2026

Bestuursposte

Spanleier en bestuurder - Bloukrans Tuine Pty Ltd | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 24/10/2026

Viserektor - Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) | Montana Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 25/10/2026

Trainee Manager at Autowash Sunninghill - Autowash | Sandton | Sluitingsdatum: 29/10/2026

Bloubessie Tegniese en Produksie Bestuurder - Landbou Groep HOEDSPRUIT omgewing - Staffworx | Hoedspruit | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Landbou Sitrus Pakhuis Bestuurder - Staffworx | Limpopo | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Junior Aanleg bestuurder - Cellarium Pakkers | Centurion | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Finansies

Bookkeeper - Effectual Energy Consultants | Centurion | Sluitingsdatum: 29/10/2026

Senior Bookkeeper - bbe Recruitment Group (Pty) Ltd | Paarl | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Junior Boekhouer - Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Boekhouer - Werfnet (Edms.) Bpk. | Roodepoort | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Finansiele Rekenmeester - Werfnet (Edms.) Bpk. | Centurion | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Debiteure Klerk - Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Finansiële- en administratiewe assistent - KWV Ing | Val-De-Grace, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Grafies

GRAPHIC DESIGNER – DYE-SUBLIMATED APPAREL AND DTP- Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

IT

Junior Veld Tegnikus - Werfnet (Edms.) Bpk. | Midrand | Sluitingsdatum: 28/10/2026

Junior IT Tegnikus - JPIT | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Konstruksie

SITE FOREMAN - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria (Witbank basis) | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Kleinhandel/Winkelpersoneel

Kassier - Border Butchery | Komatipoort | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Kliëntediens

KLIËNTEDIENS KONSULTANT - Jasper Consultants | Boksburg | Sluitingsdatum: 24/10/2026

Landbou

Tegniese Landbou Adviseur - Tzaneen- Staffworx | Tzaneen | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Litigasie Sekretaresse

Litigation Secretary - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Logistiek

PROCUREMENT OFFICER - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

DESPATCH AND STORESMAN - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

STORES SUPERVISOR - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Menslike Hulpbronne Bestuur

HR Co-Ordinator (Security services) TRG 2403 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluitingsdatum: 27/10/2026

HR Officer - Manhour Group Pty Ltd | Edenvale | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Onderwys

Onderwyser: Tale - Hoërskool Witteberg | Bethlehem | Sluitingsdatum: 26/10/2026

Kleuterskool Juffrou - Florauna Kampus | Pretoria North | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Regslui

Junior Litigation Attorney - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Versorging

Kinder versorger (Childcare Worker) - Abraham Kriel Bambanani | Linden, Randburg | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Verkope

Sales & Marketing Security Consultant - TRG 2405 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle | Sluitingsdatum: 28/10/2026

SALES ADMINISTRATOR / SALES COORDINATOR - TWSSA Power Group (Pty) Ltd | Olifantsfontein | Sluitingsdatum: 30/10/2026

SHOWROOM SALES EXECUTIVE - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

TECHNICAL SALES REPRESENTATIVE - Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 30/10/2026

Sales Representative (Export / Mining / Hardware)- Finding Personnel | South Africa (Zambia reis) | Sluitingsdatum: 30/10/2026



Bulls behou sterspeler



Die Vodacom Bulls het hul jong slot, Reinhardt Ludwig, se kontrak verleng, wat hom tot 2030 by Loftus Versfeld gaan hou.

Die 24-jarige Ludwig, 'n voormalige hoofseun van Afrikaanse Seuns Hoërskool en kaptein van die skool se eerste rugbyspan, het sy hele rugbyloopbaan in Pretoria deurgebring. Hy het in 2021 sy debuut vir die Ligbloues gemaak en het ook in 2021 en 2022 vir die Suid-Afrikaanse o. 20-span uitgedraf.

Die verlenging van sy kontrak is 'n bewys van die Bulls se vertroue in Ludwig se talent en leierskap. Volgens die Blue Bulle-maatskappy se uitvoerende hoof, Edgar Rathbone, is Ludwig die soort speler waarop die span sy toekoms wil bou. Hy het deur die Bulls se stelsel gevorder, lei deur 'n voorbeeld met sy spel te stel, en beskik oor die atletiese vermoë om 'n belangrike speler in die beginspan te word.

Ludwig sê hy is dankbaar vir die vertroue wat die afrigters en bestuur in hom plaas en verbind hom daartoe om hard te werk en by te dra tot verdere sukses. S





Drie SA spanne begin Europese veldtogte met oorwinnings

Die Vodacom Bulls, DHL Stormers en Hollywoodbets Sharks het hul Europese veldtogte met belangrike oorwinnings afgeskop met die oog op 'n suksesvolle Kampioene- en Uitdaagbeker toernooi. Die 10bet Lions en Toyota Cheetahs het egter nederlae gely in 'n naweek wat oorskadu is deur die tragiese afsterwe van die Lions-slot Hyron Andrews in Frankryk.

Die Bulls het Saterdagmiddag op Loftus Versfeld hul Investec Kampioenebeker-veldtog op 'n indrukwekkende wyse begin, met 'n 56-20-sege oor Stade Français. Die vleuel Cheswill Jooste het 'n driekuns behaal en reeds ná 25 sekondes vir die eerste keer agter die doellyn gaan kuier.

Cobus Wiese en Cameron Hanekom het ook elk voor rustyd 'n drie gedruk, waarna Marco van Staden vroeg in die tweede helfte hulle dit met 'n dryfmaalbeweging nagedoen het.

Stade Français het probeer weerstand bied, maar in die laaste kwart van die wedstryd het drieë deur Jeandre Rudolph en Jan-Hendrik Wessels gevolg, asook Jooste se twee ander drieë, wat die tuisspan se oorwinning verseker het. Handré Pollard het al agt drieë verdoel.

Verlede week het die hoofafrigter, Johan Ackermann, tydens 'n onderhoud met Pretoria FM genoem dat dit vir hom en die span belangrik is om die twee tuiswedstryde wat hulle in hierdie kompetisie speel, te wen. Elke span speel slegs vier wedstryde, waarvan twee tuis en twee weg sal plaasvind. Op 12 Desember sal die Bulls in Frankryk teen Montpellier in die tweede rondte van die kompetisie te staan kom.

Na afloop van die Bulls se skitterende vertoning, het die Stormers in Kaapstad die Bristol Bears met 49-12 geklop met sewe drieë teenoor die besoekers se twee.

Seabelo Senatla en Leolin Zas het vroeg in die kragmeting drieë gedruk, waarna Jonathan Roche ook 'n drie gedruk het.

Kort voor rustyd het die haker, JJ Kotzé, 'n 20-minuterooikaart ontvang ná 'n gevaarlike duikslag. Vroeg in die tweede helfte is Zas met 'n geel kaart gestraf, wat die Stormers gevolglik vir 'n rukkie tot 13 spelers beperk het. In daardie tyd het Bristol hul agterstand verklein, maar die Stormers het daarna weer beheer van die wedstryd herwin. Roche het in hierdie tydperk sy tweede drie gedruk, terwyl Warrick Gelant, Andre-Hugo Venter en Zas weer agter die doellyn gaan kuier het. Sacha Feinberg-Mngomezulu het sewe doelskoppe deur die pale gestuur.

In rondte twee van die toernooi sal die Stormers op 13 Desember teen die verdedigende kampioen, die Bordeaux Begles, in Frankryk te staan kom.

Die Lions het ondanks moeilike emosionele omstandighede hulle wedstryd gespeel, maar met 31-14 teen La Rochelle in Frankryk vasgeval. Die span het besluit om steeds die wedstryd ter ere van die slot Hyron Andrews te speel. Andrews is die dag voor die wedstryd dood aangetref in 'n stort in die hotel waar die Lions tuisgegaan het.

Henco van Wyk het vroeg die besoekers se eerste drie gedruk, maar ná 'n mededingende eerste helfte, waarin Morne Brandon ook 'n drie gedruk het, het die Franse span met 19-14 voorgeloop.

La Rochelle het ná rustyd nog twee drieë gedruk om die bonuspuntoorwinning te beklink. Ondanks die nederlaag het die Lions vir lang tye goeie druk toegepas en sterk karakter getoon onder uiters moeilike omstandighede

Die Lions sal op 12 Desember teen Toulouse in die tweede rondte op hul tuisveld te staan kom.

In die Uitdaagbeker het die Hollywoodbets Sharks Saterdagmiddag teen Lyon in Frankryk te staan gekom.

Lili Bester was die held vir die Sharks toe hy ná die amptelike speeltyd sy tweede drie van die wedstryd gedruk het om 'n naelbytoorwinning van 40-33 oor Franse te verseker.

Na bladsy 27

Drie SA spanne begin Europese veldtogte met oorwinnings (Vervolg)

Van bladsy 26

Die Sharks het vroeg 'n voorsprong opgebou met drieë deur Bester en Jaco Williams, maar die Franse span het teruggeveg. Verdere drieë deur Manu Tshituka, Nick Hatton en Zekhethelo Siyaya het die besoekers in die stryd gehou.

Lyon het met 'n minuut oor die wedstryd gelykop gemaak met 33-elk. Die Sharks het egter balbesit ná die afskop behou en die bal wyd versprei, om Bester oor die doellyn te stuur. Jordan Hendrikse se doelskop het die dramatiese oorwinning beklink. Op 12 Desember pak die Sharks vir Llanelli Scarlets in Durban tydens die tweede rondte van die kompetisie.

In die laaste wedstryd van die naweek het die Cheetahs met 29-27 teen Aviron Bayonnais in Frankryk vasgeval, ná 'n spannende wedstryd waarin die Vrystaters met 'n indrukwekkende terugvegpoging vorendag gekom het.

Tiaan Swanepoel het vroeg 'n strafdoel deur die pale gestuur, waarna Michael Annies 'n drie gedruk het om die Cheetahs met 10-0 te laat voorloop. Bayonne het egter teruggeslaan en teen rustyd van 22-13 voorgeloop.

Die Cheetahs het ná die rustyd sterk teruggekeer met drieë deur CJ Coetzee en Louis van der Westhuizen wat die besoekers met 27-22 in hul guns gelaat het.

Twee belangrike verbroude strafdoele en verspeelde kanse om punte aan te teken, het die Cheetahs duur te staan gekom. Herschel Jantjies het daarna die balbesit omgekeer om Bayonne met 12 minute oor, die voortou te gee.

Die Cheetahs het tot die einde aangeval, maar Bayonne se verdediging was net te sterk en het uiteindelik die tuisspan 'n oorwinning van twee punte besorg.

Die Suid-Afrikaanse spanne, behalwe die Cheetahs, verskuif nou hul aandag weer na die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK), aangesien die Europese kompetisies eers in Desember hervat. Die Cheetahs sal op 13 Desember in die tweede rondte teen die Dragons in Bloemfontein te staan kom. **S**

Rondte 4-VRK-bepalings:

Vrydag 23 Oktober

20:45 Cardiff Rugby vs. Hollywoodbets Sharks

20:45 Connacht vs. Zebre

20:45 Edinburgh vs. 10bet Lions

Saterdag 24 Oktober

13:45 Vodacom Bulls vs. Ulster

16:00 Benetton Rugby vs. Glasgow Warriors

16:00 DHL Stormers vs. Llanelli Scarlets

19:00 Leinster vs. Munster

10:00 Ospreys vs. Dragons







Solontsi sal Vrouebokke teen Ierland lei

Die voorspeler Sizophila Solontsi sal die Springbok-vroue op 24 en 31 Oktober by die Athlone-stadion in Kaapstad as kaptein lei in hul laaste twee toetse van die WXV-reeks teen Ierland. Babalwa Latsha is weens 'n enkelbesering aan die reeks onttrek, terwyl Nombuyekezo Mdliki ook weens 'n ribbesering nie beskikbaar sal wees nie.

Benewens Latsha is die ervare agterspelers Libbie Janse van Rensburg en Ayanda Malinga ook weens beserings uitgelaat. Anacadia Minnaar en Insaaf Levy is by die oefengroep ingesluit.



Solontsi was verlede maand saam met Unam Tose mede-kaptein in die toets teen Italië. Tose is intussen as onderkaptein vir die twee kragmetings teen Ierland aangewys. Dit sal die eerste keer in 20 jaar wees dat dié twee lande se nasionale vrouespanne mekaar in toetsrugby pak en ook die eerste keer dat hulle op Suid-Afrikaanse bodem kragte sal meet.

Die vrouespan sal teen Ierland, wat vyfde op die wêreldranglys is en vanjaar derde in die Vroue se Sesnasiestoernooi geëindig het, wil voortbou op die wenmomentum wat hulle teen Italië opgebou het.

Rian Oberholzer, uitvoerende hoof van SA Rugby, beklemtoon dat gereelde wedstryde teen spanne wat hoër plekke op die wêreldranglys beklee, noodsaaklik is om die vrouespan se ontwikkeling te bevorder. Die WXV-reeks is juis daarop gemik om meer gereeld aan internasionale wedstryde deel te neem en die standaard van vrouerugby te verhoog, met die 2029-Wêreldbeker in die vooruitsig.

Die Bok-vroue beklee tans die tiende plek op die wêreldranglys en het die kwarteindrondte van die 2025-Vrouerugbywêreldbeker gehaal.


Afskoptyd more in Kaapstad is om 15:00. **S**

Springbok Vrouespan teen Ierland:

15 Jakkie Cilliers
14 Alichia Arries
13 Maceala Samboya
12 Shiniqwa Lamprecht
11 Maria Tshiremba
10 Byrhandré Dolf
9 Unam Tose
8 Aseza Hele
7 Lerato Makua
6 Sizophila Solontsi (k)
5 Catha Jacobs
4 Vainah Ubisi
3 Xoliswa Khuzwayo
2 Anushka Groenewald
1 Sanelisiwe Charlie

Plaasvervangers:

16 Lindelwa Gwala
17 Yonela Ngxingolo
18 Thandile Mazwi
19 Danelle Lochner
20 Logan Welman
21 Aphiwe Ngwevu
22 Anacadia Minnaar
23 Mary Zulu



Oorsaak van Andrews se dood bevestig


Die oorsaak van die dood van die 31-jarige Lions-slot Hyron Andrews is bevestig nadat 'n lykskouing deur Franse owerhede 'n aortadisseksie ('n skeur in die hoofslagaar) as die oorsaak vasgestel het. Dit het waarskynlik by 'n aorta-aneurisme voorgekom, waar die aorta 'n swakplek het weens 'n uitstulping.

Andrews is op Vrydag 16 Oktober bewusteloos in die stort by die Lions se hotel op die eiland Île de Ré in Frankryk gevind, 'n dag voor die span se Investec Kampioenebeker-wedstryd teen La Rochelle. Nooddienste is kort ná 10:20 ontbied, maar pogings om hom by te bring, was onsuksesvol.

Volgens die Franse owerhede het 'n skeur in die aorta, weens natuurlike oorsake, gelei tot 'n groot hoeveelheid bloed wat in die sak rondom die hart opgehoop het.

Teen druktyd het die Lions in 'n verklaring namens Andrews se familie bevestig dat sy liggaam steeds in die sorg van die Franse owerhede is, terwyl reëlings getref word om dit na Suid-Afrika terug te bring. Geen datum vir die terugkeer is nog bevestig nie.

Die familie het gevra dat hul privaatheid gerespekteer word en dat hulle tyd en ruimte gegun word om hierdie moeilike gebeure te verwerk. Verdere inligting sal bekend gemaak word wanneer dit beskikbaar is.



Andrews het hom voor die huidige seisoen vanaf die Engelse klub Sale Sharks by die Lions aangesluit en in al drie hul Verenigde Rugbykampioenskap-wedstryde gespeel. Hy het van 2015 tot 2024 vir die Sharks uitgedraf en Suid-Afrika ook in 2015 op o. 20-vlak verteenwoordig. **S**

Proteas troef reën om reeks gelykop te maak

Die Proteas het gister 'n merkwaardige oorwinning van 'n beurt en 31 lopies oor Australië behaal in die tweede toets op St George's Park in Gqeberha, ondanks reën wat die eerste twee dae ontwrig het. Dié oorwinning bring die reeks van drie toetse op een elk te staan, met die beslissende toets wat van 27 tot 31 Oktober op Nuweland in Kaapstad sal plaasvind.

Die Proteas se kaptein, Temba Bavuma, was die speler van die wedstryd met 'n loopbaanbeste 179 lopies van 334 balle, terwyl Marco Jansen en Simon Harmer met onderskeidelik 85 en 82 lopies belangrike bydraes vanuit die laer kolforde gelewer het. Suid-Afrika het sy eerste beurt op 425/9 gesluit verklaar.

Die Proteas was op die tweede dag in groot moeilikheid op 97/5 nadat Australië hulle eerste laat kolf het. Die besoekers se snelbouler Scott Boland het die Suid-Afrikaanse kolforde geteister en vier paaltjies vir 31 lopies geneem.

Bavuma het egter tydens die beurt geduld en vasberadenheid getoon. Hy het uitstekende vennootskappe met Jansen en Harmer opgebou om Suid-Afrika van 'n benarde posisie na 'n stewige totaal te neem. Jansen en Bavuma het 132 lopies om die sewende paaltjie aangeteken, waarna Bavuma en Harmer 'n rekordvennootskap van 183 lopies om die agtste paaltjie opgebou het.

Australië se eerste beurt was van korte duur. Die Proteas se boulers het die besoekers vir slegs 99 lopies uitgeboul, met Jansen wat vyf paaltjies vir 33 lopies geneem het. Wiaan Mulder het twee paaltjies vir 12 lopies geneem, terwyl Kagiso Rabada ook twee paaltjies laat kantel het.

Met 'n voorsprong van 326 lopies het Bavuma Australië laat opvolg. Die besoekers het in hul tweede beurt beter weerstand gebied, met Travis Head wat 121 lopies kon aanteken en Scott Boland 40 van 166 balle.

Rabada het vier paaltjies vir 77 lopies geneem, terwyl Mulder drie vir 64 geneem het. Die Proteas het Australië uiteindelik vir 295 uitgeboul om die wedstryd te beklink.

Bavuma het ná afloop van die wedstryd gesê die span is verheug oor die oorwinning, maar dat daar steeds werk voorlê met die derde en beslissende toets in Kaapstad.



Kaptein Temba Bavuma